DIE PIKETBERGER

DIE PIKETBERGER KOERANT
1 ea

Jaargang 33 Nr. 9 piketberg.bergriviertourism.co.za Oktober 2026 ☎ 022 913 1796

Alle korrespondensie aan diepiketberger@gmail.com

R5,00

Piket-Bo-Berg Nr 1 Landbouwerker

Piketberg se Koerant vir Piketberg se Mense Lees Binne

Waar sien jy?...p2
Troues...p4
Blomweek vreugde...p6
Seun verjaar...p10
Boomplant...pp11,21
PHS Matriekafskeid.....pp12,14
Wes-Boland Eistedd-fod...pp16,20,21,22
Lené Gymkhana...p17
SSS Chess...p18
Strausies is Tien...p19



Juliana Dietrich van Achtervlei Boerdery, Piket-Bo-Berg, is aangewys as die Algehele Wenner in die Agri Wes-Kaap Prestige Landbou streekskompetisie.

Juliana Dietrich van Achtervlei Boerdery, Piket-Bo-Berg, is op 10 September 2026 aangewys as die Algehele Wenner in die Agri Wes-Kaap Prestige Landbou streekskompetisie.

Jaarliks vind die Wes-Kaapse Prestige Landboutoekennings plaas in samewerking met die Wes-Kaapse regering en Shoprite. Gus Pickard reël namens die PBBIV (Piket-Bo-Berg Inwoners Vereniging) die plaaslike toekenningsgeleentheid waar die plase se deelnemers hierdie jaar by Noupoort bymekaargekom het. Die streekswenners van al die streke wat deelneem, kompeteer tydens Oktober om as wenner van elke kategorie van die kompetisie aangewys te word. Achtervlei Boerdery het vanjaar weer uitgetree as die wenner van die streekskompetisie. Juliana Dietrich, die Algehele Wenner, ontvang eersteprys in die kategorie Sosiale Ontwikkeling. Des Carolus en Hendrik Koordom ontvang eersteprys vir onderskeidelike kategorieë, Administratief en Middelbestuur. Florette Goliath ontvang tweedeplek in die Algemene werker kategorie, Martin Joubert in die Tegniese Operateur kategorie, en Steven Falatsa 'n tweede plek in die Junior Bestuurder Kategorie.Tydens die funksie ontvang Kobus en Deidré Eigelaar, saam met Eric en Michele Starke, `n sertifikaat van waardering vir dekades se diens in die gemeenskap; vir werkskepping, gemeenskapsbou en vir die verskil wat hulle in die gemeenskap probeer maak.

Sien foto van Achtervleispan op p11.

AUTOTECH Est. 1991

Business Hours:

Mon - Thur: 08:00 - 17:00
Fri: 08:00 - 16:30
Closed during 13:00 - 14:00 daily

Sat/ Sun/ Public Holidays: Closed

Tel: 022 913 1939
(discontinued from 01 March 2026)
+27 73 248 3279
autotechpiketberg@gmail.com
37 Die Trek, Piketberg, WC





DEEL VAN DIE GEMEENSKAP - IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP
SUPERSPAR
BOLAND
•SINCE 1987•

Become a Member of our Promotional WhatsApp Group:



Redaksioneel

Besluit self oor die hofie

Dis oestyd in Oktober; Porterville is in die Noord-Kaap (volgens die nuwe storie op kykNET); die Bokke speel en wen teen die All Blacks in Baltimore, VSA, op 'n Saterdagaand laat (SA-tyd), speel en verloor 'n week later in Perth, Australië teen die Wallabies, op 'n Sondagoggend laat, (SA-tyd); die spookposkantoor pos die hele buurt se nuttelose posstukke in een buurman se posbus; gerugte bestaan dat matriekafskeide voortaan skuif na April; sosiale media waarsku en verlei, keer en hits aan—alles gelyk; mense leef oor die algemeen lank; aanlyn "booking", aanlyn "shopping", aanlyn "dating" is alledaags...

Gen 8:22: "Solank as die aarde bly bestaan, sal saaityd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie."

Die kaart/kompas/gps wys steeds waar Noord is, jou innerlike Kompas dui steeds jou rigting aan. Hou Koers!

Dankie dat jy *Die Piketberger* lees om by te bly met ons dorp se vooruitgang, nuwe dienste, mense se prestasies en mooi stories. Ondersteun ons besighede wat adverteer, dis hulle wat die drukwerk vir dié koerant moontlik maak, want hoewel die aanlyn-koerant mooi en kleurvol is, verkies baie van ons lesers steeds die papier in die hand.

Liefde, Marietha



PIKETBERG BLOEDSKENK
KLINIEKE 2026
11h00-16h00
Piketberg Sinagoge
Kerkstraat

29 Okt 26 Nov

Die Piketberger Redaksie

Berigte, Uitleg en Proeflees: Marietha Goosen
☎ 022 913 1796; 083 654 3170
Admin en verspreiding: Marietha Goosen
Advertensies: diepiketberger@gmail.com
Rekeninge: Michelle Pretorius
***Volblad:** R580 **Halfblad:** R410*
***Kwartblad:** R280 **Agsteblad:** R200*



Marietha Goosen



Michelle Pretorius

WAAR SIEN JY?

Waar in Piketberg sal jy dié sien?
Whatsapp jou naam en antwoord na 084 511 2876 en kyk in die volgende uitgawe van *Die Piketberger* wie eerste die korrekte antwoord gestuur het. Die volgende raaisel sal ook daar verskyn....

Kom ons Piketbergers raak meer van ons Erfenis bewus!

Piketberg Erfenis





Piketberg Erfenis

WAAR SIEN JY?

Die leidraad (kenmerk) in die September 2026 uitgawe van *Die Piketberger* was:



Die antwoord:

Die Whites (Losieshuis) gebou op die hoek van Hoof- en Hofstraat. Die eerste eienaar van hierdie hoewe was ene Jan Zoer. Daarna was daar vele ander soos C.J. White wat dit in 1921 besit het, vandaar die naam. Hierdie gebou was voorheen as winkel en spreekkamer vir dr. Ackerman gebruik, maar het later 'n losieshuis geword wat onder andere huisvesting aan enkellopende onderwysers voorsien het. Mevrou Christine Langeveldt van Huis AJL besit dit sedert 1960. Dit bestaan nou uit verskeie woonstelle.



Leandré Greeff het weereens die eerste korrekte antwoord ingestuur. Kyk of jy haar volgende keer kan klop...

info@piketbergmuseum.co.za

AGRISELL
the source of prime property

Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme
Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensieel
Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhurings
Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Koop **R26 000 000**



Vrugte-, Blomme- en Buchuplaas | 317 Ha
Piketberg
Kontak Quinten: 076 512 2215

Te Koop **R2 200 000**



4 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Piketberg
Kontak Sandra: 082 531 1617

Te Koop **R 3 400 000**



3 Slaapkamer Huis | 2.5 Badkamers
Wheatfields, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop **R 2 475 000**



3 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Bergsigpark, Porterville
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Huur **R3 800 p/m**



1 Slaapkamer Woonstel | 1 Badkamer
Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Te Huur



Stoorkamer | Piketberg
3m x 6m: R1400 p/m | 3,5m x 7m: R1700 p/m
Kontak Yolanda: 084 506 4288

022 300 0132 | info@agrisell.co.za | Kerkstraat 9, Piketberg

LIEFDE VIR ALTYD



Anke Schreuder en Stehan Swanepoel is op 29 Augustus 2026 in die huwelik bevestig. Die seremonie en onthaal is gehou by Morgansvlei, Tulbagh.
Foto: Annelma Photography



Carina Brand en Alex Oosthuizen is op 19 September 2026 in die huwelik bevestig. Die seremonie en onthaal is gehou by Noupoort Mountain Resort op Piket-Bo-Berg.
Foto: Ray Photography

Twee PHS-onderwysers, Gerko Nieuwoudt en Suzanne Smit, is op 26 September 2026 in die huwelik bevestig. Die seremonie en onthaal is gehou by Letsatsi, VanRhynsdorp.
Foto: Yolandi De Bruyn Kruger





15 Oktober 2026
VLV en Tuinbou
9:00 vir 9:30

Atlantic Fertilizers

Kry wenke om jou tuin te help in die somer en leer oor produkte wat jou tuin help floreer.

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146
Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30
Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)

Santam Landboutoekenning



Le Roux Van Wyk Makelaars word beloon deur vir die tweede opeenvolgende jaar die gesogte Santam Landboutoekenning te verwerf. Die toekenning word gedoen vir die streke Tygerberg en Weskus, wat strek van Tygerberg tot Springbok. Kriteria wat ter sprake is, sluit onder andere in: groei en winsgewendheid. Le Roux van Wyk Makelaarsdienste het groot waardering vir die volgehoue ondersteuning van hulle landbou-kliënte, die personeel, asook vir die ondersteuning van Santam.

Op die foto ontvang Chris Coetzé en Le Roux van Wyk die toekenning van Fanus Coetzee, links, en Mike Glasby, regs.



Kyla van Heerden
Biokineticist

Biokinetics is a specialized healthcare profession that focuses on using exercise and physical activity to prevent and manage various medical conditions and injuries. Biokineticists are trained professionals who assess, prescribe, and supervise exercise programs tailored to individual needs.



BIOKINETIC SERVICES

- **Postural Analysis**
- **Assessment, Evaluation and Exercise Prescription**
- **Orthopaedic Rehabilitation**
- **Chronic Disease Management**
- **Pain Management**
- **Functional Fitness**
- **Sports Performance Enhancement**
- **Corporate Wellness**
- **Home visits**
- **Discovery Vitality Fitness Assessment**

CONTACT

Hoofst 24, Piketberg
kylavanheerden.bio@gmail.com
082 857 4117
www.kineticvitalityhealth.co.za

‘n Blomweek Storie



Elke einde van Augustus, tydens Blomweek, word die mooiste stories vertel en besoekers aan die NG Kerk Piketberg, diep jarelange herinneringe op. So kom die susters **Annemarie en Suzan,** amper op die ingewing van die oomblik by die kerk aan. Hulle is op pad uit die Noord-Kaap waar hulle met vakansie was en stop toe vir koffie by die N7 Winkelshoekkompleks. Suzan het hoeka vir ‘n kollega vonkel druiwesap uit die Swartland belowe. Blomweek was boonop ‘n ekstra verrassing en die twee besluit om te gaan kyk. Iewers in hulle herinneringe, onthou hulle van hulle mooie juffrou van Laerskool Stellenbosch, wat byna 6 dekades gelede in die kerk op Piketberg getrou het. Al wat hulle onthou van dié juffrou is haar naam en van, Annatjie Schreuder, verder niks. Nie haar man se naam of haar getroude van nie. Die twee sussies was konfettimeisies in hulle skool uniforms, aangesien Juffrou Schreuder by hulle loseer het. Suzan onderneem toe om die foto’s uit Port Elizabeth te stuur, wanneer sy weer tuis is. (Sien bygaande foto’s.) Nog voor die foto’s opdaag of vergete inligting bekend



raak, is die raaisel op misterieuse maniere ontplooi. Juffrou Annatjie Schreuder het op Koringberg gebly en van sub A tot Matriek op Koringberg skoolgegaan. Haar bruidegom, Nico Hanekom, haar maatjie van 72 jaar, sedert sub A, en sy is op 27 Junie 1970 getroud. Nico is vroeër vanjaar oorlede. Annatjie woon deesdae op Yzerfontein, waar sy en Nico na hulle aftrede kom woon het. Vir die Snijmansussies en Annatjie, wat kontak verloor het, lê nou baie gesels voor.



Annatjie Schreuder op haar troudag in 1970.

Mathys behaal 3deplek



Mathys Louw, PHS-hoofseun 2021 word beloon vir sy algehele 3deplek behaal in BRek Honneurs vir die 2025 akademiese jaar by die Universiteit van Stellenbosch.

Dieresorg Lootjiewenner

Baie geluk aan die wenner van Piketberg Dieresorg NPC se lootjie, Lianda Stephan. Sy wen twee dae vir twee persone in die President Hotel, Seepunt. Sien besonderhede oor die nuwe lootjie op p17.







www.biermangroup.co.za

A MUST SEE DEAL

A frame (to the value of R1200) and lenses.

Single vision **R1850**
Bifocal **R2150**
Multifocal **R2950**

COME VISIT US AT OUR NEW PREMISES

Piquetberg mall, Shop UL28 (top of the escalators) | **Piquetberg**
Call us: 022 913 1349 | WhatsApp: 082 766 9431

BIERMAN GROBBELAAR
OPTOMETRISTS

RENTL®
ASSET MANAGEMENT

PIKETBERG

Properties Wanted

We have a number of pre-approved tenants and are currently seeking properties to match their requirements.

Lishka Olesen
060 764 6802
piketberg@rentl.co.za

www.rentl.co.za



Matriekafskeid 2026



Lise Bruwer en metgesel Joubert Slabber by Bloemhof matriekafskeid



Emma Gerber, Worcester Gimnasium matriekafskeid



Aleit Stander en sy metgesel by Hoër Jongenskool Paarl se matriekafskeid.

15 Oktober 2026
VLV en Tuinbou
9:00 vir 9:30
Biblioteeksaal

Atlantic Fertilizers gee wenke oor hoe om jou tuin te help in die somer en oor produkte wat jou tuin help floreer.

Lenteaand met Petro



Saam met die Lenteaandspreker, Petro Kotze-Odendaal, regs voor, verskyn die spyseniers, Marinda Lategan, links agter en Muriel Visser, voor middel. Ander dames is voor Marietha Goosen en agter Maryke Jacobs, Moira van der Westhuizen, Jackie Ferguson, Annaleen Pretorius en Gerna Croeser.


EST. 1994 TRADERS WAREHOUSE

PIKETBERG

UPPER LEVEL SHOP 22 - BOLAND SPAR CENTRE,
54 LONG STREET | TEL: 022 913 1054

















MANY MORE SPECIALS IN STORE - NEW STOCK DELIVERED WEEKLY!

Finding God in your Storm



Die personeel van LB Wernich Biblioteek, saam met die skrywer van Finding God in your storm, *Noelle Booyse, middel: Chandrey Fredericks,Crazentia Swarts, Carmen Visagie en Sophia Boois.*



LB Wernich Biblioteek het op 22 September 2026 Noelle Booyse se boekbekendstelling gehou. Die skrywer en spreker het die gehoor op insiggewende wyse deur die boek begelei. Die titel en tema, Finding God in your storm *was tot stigting vir elkeen wat deur die storms van die lewe gaan. Esther Samuels doen 'n uitbeelding van 'n vrou se lewe met plantmateriaal. LB Wernich bedank elkeen wat deel uitgemaak het van die dag.*



Seun Kitshoff verjaar

Seun Kitshoff het op 6 September 2026 58 jaar oud geword. Verjaarsdae is vir Seun baie opwindend, aangesien daar oral vir hom verrassings wag. Iemand wat hom nooit teleurstel nie, is Marie Nelson, wat elke jaar die heerlikste koek bak.

PIKETBERG
PHYSIOTHERAPY
082-440-8500
piketphysio@gmail.com
1926 Building, corner of Church & Voortrekker Street, Piketberg

LUNA HEALING
Remedial Sports Therapist
Mellissa Williams
Contact:
082 301 0048
Luna Healing

WYNLAND
GRONDVERSKUIWING.com
082 416 2543
Masjinerie te huur:
* 5 tot 33t Slootgrawers
* Stootskrapers D6 & D8
* Padskrapers
* Dumpers
* Rollers
* Waterkarre
* Masjinerie vervoer
* Diggerloaders ens.



Dienste:
* Damme bou en herstel
* Paaie
* Bouplatforms
* Siviele werk
* Plaveisel pak
* Ontbossing
* Grondvoorbereiding
* GPS Rip en Ridgewerk
* Spitdol en Ontworteling





ROLAND RHODES
082 416 2543
wynlandplant@gmail.com


Toekoms as Werkwoord in aksie



Inwoners en rolspelers olv Piket-Bo-Berg Inwoners Vereniging het op Saterdag 5 September vir die tweede keer by Rainbow Park, Piketberg se nuwe uitbreiding, bome geplant. Dit gaan oor meer as net verfraaiing. Dit is ‘n belegging in die omgewing en in die gemeenskap se toekomstige leefbaarheid. Soos die bome groei, sal hulle skadu, kleur en groen ruimtes bied waar mense kan ontspan. Hulle simboliseer ook groei, samewerking en ‘n gedeelde verbintenis tot ‘n beter Piketberg. Die dag het gewys hoe klein inisiatiewe tot sigbare en blywende verandering kan lei wanneer inwoners en organisasies saamwerk. Die plase, PBBIV, ondernemings, die Zebra– en Eagles rugbyspelers, die gemeenskap van Rainbow Park, die Rainbow Park Buurtwag, -Inwonersvereniging en die Piketberggemeeskapspolisiëringsforum (GPF) het almal saam die inisiatief ondersteun. Dankie aan Bergrivier se burgemeester, Ray van Rooy, William Samuels, Kol onel Bishop en Adjudant-Offisier Lourens, wat almal die opening bygewoon het. Die boodskap aan inwoners: ‘n gemeenskap se toekoms kan letterlik saam geplant word, een boom op ‘n slag. Dankie aan Agrimark vir koeldranke vir die boomplanters, Achtervlei vir sparre en die terreinspan wat help plant het, Bergrivier Munisipaliteit vir kompos en houttjips, EaglesPride vir sparre, Heldervue vir houttjips, Pomona vir vervoer van die bome na Piketberg, Johan van Kraayenburg vir bome teen `n goeie prys, Nexus vir kunsmis, vervoer, die Nexusspan vir die bakkie en dié wat help plant het, die Zebra- en Eagles Rugbyklubs se spelers en bestuur en die Legends van die onderskeie klubs wat die bome help plant het, Rainbow Park en die Buurtwag vir uitstekende vooraf organisasie en helpers en die Featuringspan van die PBBIV vir hul ondersteuning. ‘n Spesiale woord van dank aan Maureen Fredericks en veral aan Jaco Augustyn van Rainbow Park, sonder julle sou die dag nie moontlik wees nie. Dit was voorwaar die Toekoms as ‘n Werkwoord in aksie.

Achtervlei Wenspan: berig op p1








PHS Matriekafskeid 21 Augustus 2026

Alle foto's is vrywillig deur die matrikulante verskaf, met dank aan elke fotograaf.



Alexis Turner



Anandri Pretorius en metgesel Greeve Koen



Anja Koen



Carel van Niekerk en metgesel Elrien Liebenberg



Vriende Cassidy Salfuris en Estelle Willemse



Cayron Oerson



Deané Maarman en metgesel Jayden Carolus



Gheete Abrahams en Mihlali Nibe, albei matriek



Gerhard Pretorius en metgesel Jani van Niekerk



Heiley Visagie



Vriende Jowinn Goliath en Liam Wessels



Julescio Farao

H JORDAAN

FISIOTERAPEUTE INC.

073 767 7888

9 Kerk St Piketberg
(reg agter Blush)



ONS DIENSTE


- Shockwave
- TENS
- Dry needling
- Deep tissue release
- Chest physio
- Rehabilitasie
- Sport injuries
- Neuro rehab
- Pilates
- Home visits
- Sinus treatment
- Lymph drainage
- Wound laser
- Cupping
- Strapping

PHS Matriekafskeid 21 Augustus 2026

Alle foto's is vrywillig deur die matrikulante verskaf, met dank aan elke fotograaf.



Kara Wasserfall



Keagan Elan-Puttick en metgesel Esmarié Lambrechts



Lihani Slabber




Lisa Mouton en metgesel Du Preez Erasmus




Luscké Maree



Marlene Nelson en metgesel Willem Brand



Rayghana Van Rooy



Zhane-Lee Ghazan Adams



Jayda van der Horst



Van Der Westhuizen
Oogkundige

Visie & Oog Sorg



Dienste sluit in:

- Kinder Oog Sorg
- Volledige Ondersoeke / Verskeie Bril opsies
- Infeksie beheer / Foreign Body Removal
- Kontaklense & Oplossings
- Pakket Opsies / Lay-Buy beskikbaar

022 913 1747

022 921 2024

Besoek ons Webtuiste:

VDWOptometris.co.za

Services Include:

- Specialised Kinesiology - Finding the root cause / Remove stress
- Working on ALL levels: Mental / Emotional / Physical / Spiritual
- Different Modalities for different issues
- Willow Natural Supplements
- Nirmana Vibrational Remedies

WILLOW
The Wellness Specialists

Holistic Natural Non-Invasive

CREATING HEALTH FROM WITHIN
NIRMANA WELLNESS

Visit: WellnessOnline.co.za

Sirkuskaskenades Deel 2 deur Anita

Ons is terug by die Sirkus. Nou kom die items wat jou na jou asem laat snak. 'n Reusevangnet word gespan en die artiste klim met 'n tou tot op die platforms wat hoog in die tent hang. Hulle swaai heen en weer, terwyl hul kop-onderste-bo hang. Dan hang een met sy voete oor die swaai se dwarslat gehaak en spring 'n ander een, sodat hy haar vang met sy arms. Dis doodstil. Sodra sy los en op die toue val, is daar 'n groot applous. Een gooi haarself in die lug, waar 'n ander een haar vang. "Hou senuwees hou!" So swaai hul en maak wonderlike bewegings met hul bene. Dan klim 'n dame met 'n tou van die grond af op. Sy span die tou styf en swaai haar lyf in 'n horisontale houding, terwyl die tou geswaai word. Die volgende is een arties wat met 'n lang paal op 'n styf gespande tou stap oor die hele breedte van die tent. 'n Man doen 'n vertoning van vlamme deur dit in sy mond te druk, sonder om te brand, baie grillerig, maar tog opwindend. Wat het van hulle geword? Op die terrein waar die sirkustent staan, is ook hul verblyf area - karavane. Oral is daar ander speletjies te speel en narre wat veral die kinders lok en hulle vermaak. As afsluiting van die sirkus, roep die Ringmeester almal na die ring en dan haak hulle in by mekaar en wieg heen-en-weer, terwyl lekker saam gesing word.



Steynville SS se Superspar Boland Gholfdag by De Hoek was 'n groot sukses. Dankie aan die hoofborg Superspar Boland en ook Fox Built It, Agrimark Piketberg, Think vision, Bergrivier Munisipaliteit, Pensie se Spensie, The Views Guesthouse, Jhonee Blaauw, Antenick Booys, Seane Kotze, The Outpost Family Restaurant, LM Miracles, Cape Town Copiers en Total Winkelshoek.

Mnr Mej Pikkies

PHS se Gr R Mnr en Mej Pikkies is Iziah Abrahams en Jayla Cloete.



Wes-Boland Eisteddfod: Blokfluit



Blokfluit Ensemble/Kwartet: Cum Laude vir al 3 items: Keishia Sandt, Coen Visser, Deiondre Adams en Elandi Visser. Keishia Sandt - Algehele wenner: Junior Blokfluit (Graad 4-7) Die Blokfluit Kwartet is aangewys as die Beste in Hoërskool Blokfluit-afdeling (Graad 8-12). Die Kwartet tree op by die Wes-Boland Prestige-aand op 9 Oktober in Vredenburg. Blokfluit: Cum Laude: Keisha Sandt, Johan Hanekom, Marli Hanekom en Chrismari Liebenberg.

Wes-Boland: Klavier



Wes-Boland Eisteddfod Klavier:
Goud: Klaradyn Strydom
Cum Laude:
Maia Burger, Malika v Rooy en Christiaan Coetzee

Sukses in die Saal



Lené Loubser behaal 'n 1steplek in die 0/21-afdeling by die Mistico Equestrian Centre se Gymkhana, wat toe haar beste rit nóg was. Gymkhana is 'n uitdagende ruitersport bestaande uit 10 items, wat elkeen twee keer gery word. Dit toets 'n ruiter se spoed, styl, akkuraatheid en beheer, met lans- en swaarditems wat ratsheid en presisie vereis. Ruiters neem ook in seksies en halfseksies deel. Lené het met fokus, vaardigheid en uitstekende spanwerk gewys wat sy en haar perd kan vermag.





Lené is op 20 September 2026 op Goudini opgeneem in die o/19B Wes-Kaapspan. Op 28 en 29 September 2026 het sy op Beaufort-Wes by die SA's meegeding en die interprovinsiale kompetisie gewen. Hier is Lené bekroon as die beste opkomende ruiter. As 7de beste o/21-meisieruiter in die land, is sy gekies vir Suid-Afrika se Meisie Presidentspan (Protea B-span).

Op die foto's ontvang Lené die trofee vir Beste Opkomende Ruiter en die trofee vir meeste punte behaal in 'n eerste SA's deelname.





Op die Rakke van die Biblioteek

Solank as die Aarde deur Lucia Prinsloo
Bespreking deur Sonja Wend



Solank as die aarde verskyn in Maart 2024, kort na die skrywer se dood. Sy ly aan ‘n niersiekte en sterf op 6 Februarie 2024 ondanks ‘n nieroorplanting in 2022. Die woorde “Solank as die aarde” is in Gen 8:22: “Solank as die aarde bly bestaan, sal saaityd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie.” Die boek vertel die wel en wee, oor 7 jaar, van die Du Preezgesin, wat op die plaas Soetkloof, in die Kougaberge agter Joubertina boer. Daar is oa drie begrafnisse, wat nie sonder drama plaasvind nie. Die roman sluit af met ‘n hoopvolle oop einde. Dis nié ‘n neerdrukkende roman nie, die mens se veerkragtigheid en aanpasbaarheid is prominent. Die verhaal begin met die dood van De Viljee en sy begrafnis, waar alles begin skeef loop. Die eerste deel vanuit Ragel se perspektief lig die kernsake uit wat die leser intrek. Ragel en Cornel is ‘n tweeling, pas klaar met matriek, en DeViljee is 15. Uit Ragel se gedagtes is dit duidelik dat die broers gaan jag, iets wat DeViljee graag en goed doen en wat Cornel haat. Daar is ‘n ongeluk en die vraag is of Cornel skuldig is aan sy broer se dood. Die spanning tussen die ouers en hulle verhouding met die kinders is duidelik en die leser kom op hoogte van die dramatiese situasie. Wanneer Ragel aan die woord is, is die bergskets in elke hoofstuk. Wanneer Cornel die verteller is, verskyn die skets van die woestynduine. Terugflitse en herinneringe in Ragel en Cornel se vertellings gee aan die leser die volledige prentjie. Cornel verdwyn vir byna 6 jaar uit vrees vir moontlike foutiewe skuldigbevinding van DeViljee se skietdood. Hy assisteer onder ‘n skuilnaam vir Michael Schneider, ‘n wildlewe-fotograaf in Namibië. Deur sy dapper optrede red hy die lewens van ‘n paar mense wanneer hy uit nood ‘n aanstormende gewonde olifantbul doodskiet. Dis die keerpunt in sy lewe, hy keer terug na Suid-Afrika waar hy hom aan die polisie oorgee. Intussen hou Ragel die boerdery aan die gang na haar ma se senu-ineenstorting en haar pa se verswakkende gesondheid. Sy word as ‘n “frats” beskou deur sommiges, maar tog is daar opregte omgee. Die boere ervaar uitdagings en druk om hul plase te verkoop twv oorlewing. Dit veroorsaak konflik. Die sentrale tema van Gen 8:22 bly prominent, want solank as die aarde bly bestaan, sal daar voortgang wees. Cornel se terugkeer toon sy transformasie van ‘n bang, senuweeagtige 18-jarige swakkeling aldus sy ma, tot ‘n volwasse 24-jarige man met murg in sy pype, bereid om sy pak te vat. Hy skenk sy een nier aan Ragel, wat van dialise afhanklik is. Soos in ‘n goeie roman, ontwikkel ‘n liefdesverhouding tussen Ragel en die luiperdman wat met deernis en insig hanteer word. Dis nie net ‘n gewone plaasroman nie. Deeglike navorsing verseker dat aktuele sake soos droogte, omgewingsbewaring, boerdery, luiperdnavorsing, waterkwessies, jagetiek en ekologiese vraagstukke met die nodige insig, dog gemoedelik aan die leser oorgedra word. Kompas, die rifrughond figureer dwarsdeur die boek, asof hy konstant daar is om rigting te gee. Solank as die aarde is ‘n boek wat die leser intrek met sy lewendige karakters en lieflike taalgebruik en uitdaag om oor dieper vraagstukke te besin. Sonder enige literêre pretensie kan dié roman aanspraak maak op die status van goeie, intelligente prosakuns.

SSS Chess



Message from Thomas Struis:
SSS Chess Teams Shine at the Western Province Top Schools, 29-30 August 2026 at Tafelberg HS in Bothasig. A weekend of chess, grit, and unwavering determination after months of hard work that began at the Lower West Coast League across St Helena Bay and Clanwilliam. Both our U/15- and U/17 teams fought tirelessly just to stand on this stage—and when the time came, they delivered excellent performances. U/17 Mixed Team: A Heart-Pounding Final Coming off an incredible national performance in the online Battle Boards, where they placed 6th out of 72 schools across South Africa—our U17s brought elite -level strategy to Bothasig. Day1: A flawless performance, sweeping all 4 rounds to sit at the top of the leaderboard. Day2: In a high-stakes, intense battle of minds, the team faced a tough setback in the morning, momentarily slipping down the rankings. Showing true championship character, they fought back in the final round to secure a crucial victory. They finished tied on match points with the eventual tournament winners, narrowly taking 2nd place on game point differentials. To come that close to the top spot in the entire province is a monumental achievement. U/15 Mixed Team: Rising to the Occasion, entered the tournament with limited experience but infinite heart. Stepping onto a massive provincial stage, they showed incredible resilience, fighting through tough matches to finish 11th overall. Their growth, courage, and team spirit throughout the tournament proved that the future of our chess program is brighter than ever. To our chess stars: **We could not be prouder of you. Traveling long distances, spending countless hours on the road between leagues, and competing under intense pressure is no easy feat. Yet, every single time you sat down at the board, you fought until the very last move. You represented our school with dignity, discipline, and absolute passion. Thank you for your sacrifice, your late-night preparation, and your refusal to back down when the games got tough. You have set a new standard of excellence for our school.**

Die volgende *Piketberger* verskyn op 27 Oktober 2026. Sperdatum is

5 November 2026.

Strauss Drieling is Tien



Die Strauss drieling, Zailor, Zaylee en boeta Tyresse vier op 17 Oktober hulle 10de verjaarsdag. Vanjaar is hulle in gr 4 by SPS. Met hulle geboorte in 2016 het Die Piketberger berig dat die Bib se drie gebore is. Hulle ma, Crazentia, is 'n bibliotekaresse en baie dankbaar vir Piketbergers se ondersteuning en belangstelling in hierdie kinders wat 'n geskenk van God is. Soos dit kinders betaam, sien hulle vreeslik uit na hulle verjaarsdag.

Wes-Kaap Judo, Boland Rugby



Kiara De Vries en Josh Gal neem op 29 Augustus 2026 aan die Wes-Kaap Judo Ope toernooi in Paarl deel en albei verwerf silwer medaljes. Hulle is in die Wes-Kaap Judospan opgeneem en sal op 31 Oktober 2026 aan die Interprovinsiale toernooi in George deelneem. Regs is Douw van der Westhuizen wat in die Boland 0/12 C-rugbyspan opgeneem is.





VLV pret met Thrifted klere



VLV met ***Letitia van Zyl-Schultz***, tweede van regs: Hoe om "thrifted"-klere stylvol te dra, was leersaam en interessant met slim inkopiewenke. By haar is ***Moira van der Westhuizen, Nicoline Brown en Ilse Hanekom.*** Bekyk jou klerekas, dit wat jy nie dra nie, gee aan welsynsorganisasies. Vanessa de Villiers wen in 'n prysvasvra 'n pragtige rooi baadjie met bypassende serp. **Mareza Smit** ontvang die trofee vir haar **3deplek vir fotografie** by die afgelope VLVK-kongres. ButtaNutt skenk vir die takvergadering suiwer uitstalprodukte en 'n glutenvrye melkproduk, en lede ontvang almal gratis produkte. Kyk www.buttanutt.co.za vir aanlyn-bestellings en ook by Superspar Boland. Die VLVK-projek: Van Tuin tot Tafel word weer uitgebeeld met 'n pragtige rangskiking van groente, vrugte en blomme. Baie dankie aan almal teenwoordig en die Leefstyl gasvroue. Dankie aan **Dup Meubels** wat Septembermaand se borg vir die vergadering was.

Stik & Stoffeer

Christo: 083 399 7988
Linda: 083 501 3637
022 913 3326
oregonandmore@telkomsa.net

- Stoffering van banke en stoele
- Motorsitplekke
- Trekkersitplekke / Bakkiesitplekke
- Wye reeks stoffeer– en gordynmateriale om van te kies en bestel
- Restourasie van meubels
- Geskenke en Dekor
- Slyp van messe

Langstraat 59, Piketberg
Reg oorkant AGRIMARK

~ Waar mooi maak en nuut maak nooit ophou nie! ~



Wes-Boland Eisteddfod: English





Gr 7 English Poetry: Cum Laude: Mia, Kalaradyn, Noa and Silver: Nikolas. English Prose: Gold: Klaradyn and Noa. Afrikaans Voordrag: Jordan Cloete Inks, ook Cum Laude in English Prose.

WOW Spel

Regs: Maritz Mouton behaal 'n 4deplek in die distriksronde van die Sanlam WOW spelkompetisie.





Kansvatter Redenaars

Links: Ilke Mouton neem deel aan die Kansvatter Redenaarskompetisie deel en dring deur na die Nasionale Finaal wat op 19 September in Pretoria by Laerskool Lynnwood aangebied is.

MEDIESE PRAKTISYNS

Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
🖷 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00

Dr Stephanie Strydom
Winelands Diabetes

info@winelandsdiabetes.co.za
www.winelandsdiabetes.co.za

021 863 0101
079 608 5747

Main Road 42A, Paarl
Hoofstr 24, Piketberg

Wes-Boland Eisteddfod: PHS Grondslagfase



Silwer Graad R: Robyn Gillespie, Hanna Burger, Muhammed Niang, Miane Nieuwoudt, Alana Hanekom, Anja Hanekom, Reese Dietrich, Turs-Lee Daniels, Liveke Ockhuis



Gr. R Afrikaans Huistaal: Alana Hanekom: Silwer, Anria Visser: Silwer, Leliah Janse van Rensburg: Silwer, Hanna Burger: Silwer, Isabelle Meyer: Goud, Iziah Houswick: Goud, Francois Coetzee: Goud, Adriaan Smit: Silwer, Liveke Ockhuis: Goud, Ava Mckenzie: Silwer, Jayla Pedro: Silwer, Kaleb de Klerk: Silwer

Groenvlei Plant Bome





Groenvlei Primêr Plant Groen Toekoms op Boomplantdag ter viering van Nasionale Boomplantweek. Op Dinsdag, 1 September 2026 maak leerders hulle hande vuil en plant verskeie bome op die skoolterrein. Die projek het die kinders die waarde van natuurbewaring geleer terwyl hulle aktief gehelp het om hul skoolomgewing te verfraai. Die nuwe bome sal in die toekoms skaduwee bied op die speelgrond en ook staan as blywende simbool van die leerders se trots en omgee vir die omgewing.

PHS Wes-Boland Eisteddfod: Afrikaans en Engels



Letterkunde / Literature Goud en Cum Laude



Gr 5 English Poetry: Cum Laude and Gold



Links en regs: Gr 4 Engels en Afrikaans: Cum Laude





Links en regs: Gr 4 English Gold





Links: Gr 4 Afrikaans Goud

Regs: Gr 5 Afrikaans Cum Laude





Gr 6 English Poetry: Cum Laude and Gold.
Ook in Afrikaans: Auné en Elna.
Jané English Prose: Cum Laude.





Gr 6 Afrikaans: Ella Cum Laude, Kyla Goud



SUPERSPAR BOLAND
DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

SUPERSPAR BOLAND

SPAR

tops!

HOW TO USE
CLICK AND COLLECT

STEP 1
Click to choose your SPAR store and fill your basket

STEP 2
Select Click & Collect then choose your delivery time

STEP 3
Collect your prepared order in store and skip the delivery fee



DELIVERED 2U

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

SUPERSPAR BOLAND
DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP